# OMGEE NUUS

## SONDAG 30 MAART 2025

| Eredienste | |
|---|---|
| **09:00 Erediens**<br>**Liturg:** Ds Gerhard Meyer<br>**Teks:** Lukas 15:1-10 (2020 vertaling)<br>**Tema:** Verlate of verlore, Hy sal ons vind<br><br>**GEEN AANDDIENS - Universiteitsvakansie**<br><br>**JEUG – Skoolvakansie**<br><br>**Volgende byeenkoms – Sondag 13 April – Gesinsdiens.**<br><br>**SONDAG 6 April (Doop)**<br>**09:00 Erediens**<br>**Liturg:** Ds Gerhard Meyer<br><br>**GEEN AANDDIENS - Universiteitsvakansie**<br><br>**Lief en Leed**<br><br>Esther de Wet, Anjo, is Maandag oorlede.<br>Lola Oelofse, Rosenbloem, sterk aan na hospitalisasie.<br>Susan Rabe, Dardanelle, sterk aan na 'n operasie.<br><br>**Verjaarsdae 80 en ouer:**<br>Bettie Zwiegers, Stirling, verjaar 30 Maart (98) | **AKSIE AFGETREDENES**<br><br>*Dinsdag 8 April, 10:00 Kleinkerk*<br>*Spreker: Ernesta Strydom*<br><br>Ernesta was 'n beampte gedurende die 2024 Paralimpiese Olimpiese Spele in Parys Frankryk. Sy kom vertel ons meer van die Spele en hoe sy dit ondervind het.<br><br>Dit beloof weereens 'n baie interessante byeenkoms te wees.<br>Kom kuier saam met 'n koppie tee en lekker eetgoed<br>Sien julle daar!<br><br>**PARKERING**<br><br>Graag versoek ons lidmate wat Sondae aan die Boerneefstraat kant van die kerk parkeer om asseblief nie op die sypaadjie van die twee huise oorkant die kerk te parkeer nie. Maak asseblief gebruik van die gras gedeelte op die sypaadjie voor die kerkgebou of die sypaadjie voor die gemeentesentrum. |

# DANKOFFER BYDRAES

Daar is verskeie maniere waarop u, u maandelikse dankoffer kan gee. Die volgende inligting mag van hulp wees. Kontak gerus die kerkkantoor indien daar enige vrae is.

**1. ACB stelstel**
Hierdie stelsel maak dit vir lidmate baie gerieflik om hul dankoffer te gee en daarom moedig ons lidmate aan om hiervan gebruik te maak. U gee opdrag aan die kerkkantoor om maandeliks ‘n bedrag vanaf u bankrekening na dié van die kerk oor te plaas. U het nog volle beheer hieroor as u voor die 25ste van die maand opdrag gee om die bedrag te verhoog, te verminder of selfs te kanselleer. Vorms hiervoor is by die kerkkantoor beskikbaar of stuur vir ons ‘n epos na ngklhp.finan@mweb.co.za en ons stuur vir u die vorm.

**2. Bankinbetalings of Internetoorplasings**

| | | |
|---|---|---|
| Rekeningnaam | : | NG KerkLangenhovenpark |
| Bank | : | ABSA bank |
| Takkode | : | 632005 |
| Tiperekening | : | Tjekrekening |
| Rekeningnommer | : | 1570 590 630 |

**3. Dankofferkoeverte**
U kan u dankoffer in ‘n koevert plaas, gemerk “Dankoffer” en in die kollektesak gooi. (Koeverte by kerkkantoor of deure beskikbaar)
Moontlik plaas u, u dankoffer Sondae in die kollektesakkie, wil u dit nie eerder in die gemerkte koevert (Dankoffer) plaas nie?

**4. Inbetalings by kerkkantoor**
U kan ook u dankoffer tydens kantoorure by die kerkkantoor inbetaal. Maak net seker dat u ‘n kwitansie ontvang en dat dit gemerk is “Dankoffer”.

**5. Snapscan**
SnapScan is gratis beskikbaar op iOS en Android.

Internet skakel: https://pos.snapscan.io/qr/PXMP30504

Snap here to pay

SnapScan